## 'OP MY EISH!'-DISKOERS VERSUUR

# Ruan vaar uit teenoor kykers, vroue in reeks

Die diskoers oor die kykNET-maatsoekreeks *Op my eish!* het die afgelope naweek versuur, veral teenoor die hubare ster van die program, Ruan Smith, wat op sosiale media onder kykers en die vroue wat in die reeks verskyn het, ingeklim het.

Smith loop deur onder hewige kritiek oor sy uitlatings oor die vroue wat op die program verskyn het, nog voordat die reunie-episode volgende Donderdag uitgesaai word. kykNET het dié week gesê die kanaal het geen kommentaar nie.

Die uitgesproke Smith, 'n voormalige professionele rugbyspeler, het hom Vrydagaand uitgelaat in 'n regstreekse video op Instagram vanaf Rusland waar hy rugby afrig.

Sonder om name te noem, het hy gepraat oor die program en die vroue. In die video sê Smith: "Daar is 'n gesegde wat sê: A lizzard can only hide itself for two or three weeks. En dan begin die ware kleure uitkom. Dis 'n feit.

"En mense kan sê ek's suur, en moeilik. Ek maak nie hierdie k*k op nie. Ek probeer nie *blame shift* nie. Respek word verdien. As ek jou nie respek nie (sic), gaan ek jou nie respekteer nie. As jy jouself soos 'n f*kk*n wat ook al gedra, voor ander mense…

"Gedra jou soos 'n hoer, ek hanteer jou soos 'n hoer, eenvoudig soos dit," sê Smith, 'n pa van twee kinders.

Die reeks waarop Smith verskyn se voorlaaste episode is verlede Donderdag uitgesaai waartydens dit bekend geword het dat hy nie een van die vroue in sy topdrie as pasmaat gekies het nie. Hy het aangevoer dat hy nog aan homself moet werk en dat hy nie 'n keuse kan maak nie.

Smith het ook in die reeks kykers geskok toe hy 'n geliefde deelnemer, Minette Prinsloo, oënskynlik uit die bloute huis toe gestuur het. Dié besluit het 'n herrie op sosiale media ontketen en vir dae voortgeduur.



**Ruan Smith** Foto: VERSKAF

Smith se gedrag en optrede teenoor Prinsloo het kykers warm onder die kraag gehad, veral dat hy kru taal teenoor haar gebruik het en weggestorm het ná hul gesprek. Hy het daarna op sosiale media gesê hy berou dit nie en sal weer so optree as hy die tyd kon terugdraai.

Prinsloo wou nie kommentaar lewer nie.

Hy het mense op Instagram aangehits om hom "aan te vat" en gesê hy is vry om te sê waarvoor hy lus kry.

"My kontrak is klaar met kykNET, ek kan doen wat ek wil. Niemand gaan my sê wat om te sê nie. Uit respek uit het ek nog nie my bek oopgemaak nie, dis al."

Later sê hy: "Mense sê: Jy sê jy *worry* nie, maar jy reageer op dit. Ek wens die mense wil verstaan hoe min, en hoe niks, soos in niks, daai mense se opinies vir my beteken."

Benewens die uitlatings op Instagram het hy hom ook tot Facebook gewend om kykers te konfronteer. Hy het sy aandag gevestig op 'n Facebook-groep, Op my eish – Fan Groep, waar hy kykers en aanhangers toegesnou het: "Julle beteken niks."

Dié Facebook-groep is een van die platforms wat gereeld deur kykers gebruik word om die reeks te bespreek. Op dié groep het Smith ook deelgeneem aan die gesprek en in bekgevegte met kykers betrokke geraak. Hy het bewerings ontken dat hy die p-woord teenoor die vroue gebruik het, en dat sommige vroue in sy kamer gevang is gedurende die verfilming van die program.

Hy skryf: "Eenvoudig. Ek sal *live* gaan saam (sic) enige van die meisies, en dan ons in publiek oor alles praat (sic). *Anytime*. Noem 'n tyd en ek is daar. Maar ek belowe jou sy sal nie wil nie."

Hy het mense wat sulke bewerings maak, gevloek en hulle "marionette" en "losers" genoem.

In 'n ander plasing het hy geskryf: "Dankie, julle. Almal wat *comment* en byt. Hou aan. Soos dit nou gaan, kan elke maand munhir (sic) betaal. Julle beteken niks, maar ook iets."

Later het hy geskryf: "Dankie, julle. Hou asb. aan. Die algoritme loop mooi."

En daarby het hy 'n skermgreep geplaas waar hy wys dat meer as 2 miljoen mense na een van sy sosialemediablaaie gekyk het.

## Jake White konsulteer nie meer by skool, skryf oor redes in brief

Jake White bevind hom midde-in 'n nuwe omstredenheid nadat dit aan die lig gekom het hy is nie meer as 'n konsultant by die Selborne College in Oos-Londen betrokke nie.

Dié voormalige Springbok-afrigter, wat nog verlede seisoen die Bulle afgerig het voordat hy in onguns by Loftus Versfeld verval het, het einde verlede jaar by Selborne in dié hoedanigheid begin. Dit het op die lappe gekom dat hy en Derek Page, die skool se direkteur van rugby, onlangs uit die bloute by Selborne vort is.

White het die taak gehad om met die junior- en senior-spanne te werk, terwyl Page oorhoofs in beheer was.



**Jake White**

'n Brief van White aan die Selborne College-stigting is sedertdien aan die media laat lek.

"Ek wil nie hê dit (die brief) moet 'n aanval op enigiemand wees nie, maar dis wat dit is," lui die skrywe. "By my aankoms by Selborne is 'n projek aan my verkoop en dit was om die skool se rugby op 'n vlak van uitnemendheid te kry. Ek was onder die indruk dat die skoolhoof (Andrew Dewar) ten volle aan boord daarmee is. Ná deeglike oorweging dink ek dis beter vir my om weg te stap van die Selborne-projek.

"Ek het ervaar dat die skoolhoof nie daartoe verbind is om die nodige veranderings te maak nie. Dit is as oudonderwyser my ervaring dat dit 'n nuttelose projek is mits die skoolhoof dit 100% ondersteun," skryf White verder.

Hy verwys in die brief na 'n paar voorvalle wat hom daarvan oortuig het Dewar ondersteun nie sy en Page se rugbyvisie vir die skool nie.

Dewar het in reaksie aan die webwerf Rugby365 gesê hy kan nie veel oor die kwessie sê nie, aangesien 'n regspan na die "lasterlike inligting" in die brief kyk.

"Ek kan wel sê dis my rol om die hele skool te bedien en alles moet ondersteun wat ons doen, nie net rugby nie.

"Mense moet verstaan dat ons nie 'n rugby-instituut is nie en dat ek as skoolhoof nie mense kan toelaat om besluite te neem wat nie in die beste belang van die skool en die kinders is nie."

Page sê op sy beurt hy kry die idee hy is by Selborne aangestel sodat hy verkwalik kan word vir die skool se swak prestasies op die rugbyveld. "Dis soos om 'n potplant in jou huis te hê wat jy nie water of sonlig gee nie. Dit gaan nie groei nie. Dis presies wat met Selborne se rugby fout is.

"Die skool het nie met die tyd saambeweeg as dit by rugby kom nie."

Selborne het onlangs met 17-57 teen Rondebosch Boys' High verloor en verlede maand met 15-24 teen Framesby vasgeval.

White het teen druktyd nog nie op navrae gereageer nie.

**– Sportredaksie**

## UV vereer Ingrid Winterbach met eredoktorsgraad



**Die Hertzogprys-bekroonde skrywer Ingrid Winterbach ontvang gister 'n eredoktorsgraad in die lettere van die Universiteit van die Vrystaat. By haar is prof. Bonang Mohale, kanselier.** Foto: MLUNGISI LOUW

**Liza-May Pieters**

Dat daar jong skrywers soos Willem Anker, S.J. Naudé, Nathan Trantraal, Ronelda S. Kamfer en Lynthia Julius is – dít is wat die gevierde skrywer Ingrid Winterbach opgewonde maak oor Afrikaanse letterkunde.

Winterbach het gister 'n eredoktorsgraad in die lettere van die Universiteit van die Vrystaat (UV) ontvang.

Met dié graad vereer die UV haar vir haar besonderse bydrae tot die Suid-Afrikaanse literatuur en kunste.

Hoewel sy erken dat sy in haar leeftyd meer Engelse as Afrikaanse literatuur gelees het, skryf sy dit bloot daaraan toe dat die aanbod in Engels groter is.

"Jou moedertaal is die lens waardeur jy van kleins af na die wêreld kyk en waardeur jy uiteindelik, as skrywer, daardie wêreld verteenwoordig," het sy in haar toespraak by die geleentheid in Bloemfontein gesê.

Winterbach het in Langlaagte in Johannesburg grootgeword, maar ook baie tyd in Vrede in die Vrystaat deurgebring waar haar grootouers gewoon en sy die eindelose vlaktes van die Vrystaat leer ken het.

Sy sê dié Vrystaatse landskap was baie anders as dit waaraan sy in Langlaagte gewoond was.

"Die Vrystaat is my eerste bewuste ervaring van 'n groot en wye landskap. Dit was 'n ander ruimte as die swart-en-wit industriële ruimte van Langlaagte. Die lug was groter en die wolke was massief. Daar was mielielande, wilgers, koppies en spruite.

"Daar was koeie en skape en verskillende kleure," het sy in haar toespraak gesê.

Sy is "geweldig dankbaar" om 'n eredoktorsgraad te ontvang, het Winterbach, 'n ontvanger van die gesogte Hertzog-prys, gesê. Sy kan ook spog met 'n M-Net-, W.A. Hofmeyr- en UJ-prys. Haar roman *Onrus op Steynshoop* is verlede jaar met die Netwerk24-kykNET-Rapport-prys vir fiksie bekroon. Dat haar werk in verskeie tale vertaal is, bevestig haar internasionale aansien, sê die UV.

Die ander ontvangers van eredoktorsgrade was Zukiswa Wanner, skrywer en kulturele kommentator; prof. Relebohile Moletsane, akademikus; en Sheila Sisulu, voormalige Suid-Afrikaanse ambassadeur.

**– liza-may.pieters@media24.com**

### KENNISGEWING
### OMGEWINGSIMPAKSTUDIE

**PUBLIEKE DEELNAME PROSES**

**VOORGESTELDE 1.6 GW PV SONKRAGFASILITEIT EN VERWANTE INFRASTRUKTUUR GELEË OP DIE VOLGENDE PLASE:**

| Naam van eiendom | Grootte (ha) |
|---|---|
| Gedeelte 2 (gedeelte van gedeelte 1) van die plaasnr. 166 | 84,89 |
| Gedeelte 2 van die plaas Portugeesche Fontyn nr. 167 | 343,37 |
| Restante van die plaas Portugeesche Fontyn nr. 167 | 1 594,24 |
| Restante van gedeelte 1 (bylae Portugeesfontein) van die plaasnr. 166 | 53,70 |
| Restante van die plaas Hopefield B nr. 315 | 1 176,76 |

**HOPEFIELD, PROVINSIE WES-KAAP**

**Area:** Die voorgestelde projekte is geleë ongeveer 3 km noord van die dorp Hopefield, Provinsie Wes-Kaap
**Voorgestelde aktiwiteit:** Die voorgestelde ontwikkeling van 'n 1.6 GW PV-sonkragfasiliteit en verwante infrastruktuur in Hopefield, Provinsie Wes-Kaap
**Eco-compliance** is die maatskappy wat die Omgewingsimpakstudie (EIA) en publieke-deelnameproses onderneem.

Neem asseblief kennis dat die voorgestelde omgewingsverslag tussen 16 April 2026 en 16 Mei 2026 beskikbaar is vir insae by:

- **Saldanha openbare biblioteek**
- **Hopefield openbare biblioteek**
- **Kantore van die Saldanha Munisipaliteit**

Alle geÏnteresseerde en geaffekteerde partye word uitgenooi om die verslag na te gaan en hulle kommentaar direk aan **Mnr Percy Ngidi (percy@ecocompliance.co.za, 082-802-3728)** van Eco-compliance te rig voor of op **16 Mei 2026**.

Phelan Green Group | Phelan Energy | Phelan eFuels | Phelan gEPC
eco·compliance ENVIRONMENTAL COMPLIANCE MANAGERS



Slegs beskikbaar by Pick n Pay-supermarkte, Hipermarkte en Minimarkte in die Wes-Kaap insluitend Fraaiuitsig, Garden Route Mall, George, George (Pre Cap Centre), Groot Brak, Hartenbos, Knysna, Langeberg Mall, Mossel Bay, Oudtshoorn, Plettenberg Bay, Sedgefield and York Street . Promosievoorraad is beperk. Beperkings per klant mag van toepassing wees. Pryse sluit BTW in, waar van toepassing. Smart Shopper-pryse is beskikbaar vir geregistreerde Smart Shoppers. Besoek asseblief smartshopper.pnp.co.za om jou kaart te registreer en jou besonderhede op te dateer. Smart Shopper se bepalings en voorwaardes is van toepassing. Geen handelaars. Foute en weglatings voorbehou. Sluit Express-winkels uit. Geselekteerde produkte mag nie by alle winkels beskikbaar wees nie. Geselekteerde produkte is vir fotografie gestileer. **Besoek www.picknpay.co.za , of skakel 0860 30 30 30. Selfoontariewe is van toepassing.**
BLWCHS14802